# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS
# GRAAD 9

**Boesmantaal**

Dit klik dis klak-
Hy praat nou twak.
Dis kiet dis kat
Dis wie weet wat
Se woordeskat!

Vanwaar hy al die klikke haal,
Wat voorkom in sy Boesmantaal-
So 'n deurmekare braaisel,
Bly maar steeds vir my 'n raaisel.

Dis tlik dit tjlok-
En dink hy jok!
Dis tlêk dis tloek-
Kom ons deursoek
Die woordeboek.

Ag Boesman Baasman wat sê jy?
Of skinder jy miskien van my?
Nie jy of ek of ons klein Faan
Kan Baasman of sy vrou verstaan.

Dis kliek dis kloek-
Sou hy nou vloek?
Dis kiet dis kat
Dis wie weet wat
So woordeskat.

**SEUN VAN AFRIKA**

Seun van Afrika, gevul met vrees.
Vir die dag van môre, hoe sal dit wees?
Van swaar kry dae, nog lank nie verby.
Honger slap, bly deel van my.

Ek dink terug, aan my kinder dae.
Dae van honger-pyn en vrees.
En môre, waar sal ek wees
Hier... daar ... of gees?

Sons opkoms, oor die nuwe land.
Vol verwagting, en verward.
Met 'n hart wat klop, wild binne my.
Vir die dag van more, waar sal ek bly?

Seun van Afrika, wees gerus.
In die sonskyn land, vind jy rus.
Seun van Afrika, Trots en bly.
Einde laaste, is jy vry.

**Eugene Rainford Beek**